

VERKLARENDE NOTA

Raisins SA Gewasbeskermings- en Residubestuursplan

'n Gesamentlike waardeketting-inisiatief ter ondersteuning van marktoegang, produk differensiasie en die volhoubare mededingendheid van Suid-Afrikaanse rosyne

1. Waarom hierdie inisiatief?

Die internasionale mark vir rosyne raak toenemend mededingend. Terselfdertyd word vereistes ten opsigte van maksimum residuvlakke (MRL's), die gebruik van gewasbeskermingsprodukte, voedselveiligheid, naspeurbaarheid en individuele koperprotokolle voortdurend meer kompleks.

Vir die Suid-Afrikaanse rosyntjiebedryf skep hierdie omgewing nie net risiko nie — dit skep ook 'n geleentheid.

Suid-Afrika beskik oor 'n relatief gekonsentreerde en goed gestruktureerde produksie- en uitvoerwaardeketting. Dit maak dit moontlik om produsente, gewasbeskermingsadviseurs, chemiese verskaffers, verpakkers en uitvoerders beter rondom verantwoordelike residubestuur te bely en sodoende die Suid-Afrikaanse aanbod verder van mededingende oorspronge te onderskei.

Die primêre doel van hierdie inisiatief is daarom nie bloot om residu te verminder nie.

- die marktoegang van Suid-Afrikaanse rosyne te beskerm en waar moontlik uit te brei;
- die Suid-Afrikaanse produk op grond van verantwoordelike en meer konsekwente produksiepraktyke te differensieer;
- die voorspelbaarheid van residuprofiel in die finale produk te verbeter;
- verpakkers en uitvoerders beter in staat te stel om aan veranderende internasionale koper- en markvereistes te voldoen;
- produsente en hul adviseurs vroegtydig beter inligting te gee wanneer gewasbeskermingsbesluite geneem word; en
- uiteindelik waarde vir die hele waardeketting — vanaf produsent tot internasionale kliënt — te skep.

Residubestuur is dus die fasiliterende instrument; marktoegang en differensiasie is die strategiese doel.

2. Wat is die Crop Plan?

Die Crop Plan is 'n praktiese gewasbeskermings- en residubestuursriglyn wat relevante geregistreerde gewasbeskermingsopsies, gebruikstydperke en residu-oorwegings op 'n gestruktureerde wyse saambring.

Die plan sluit voorgestelde residubestuursroetes in wat daarop gemik is om, waar prakties en agonomies verantwoordbaar, die aantal verskillende residue wat uiteindelik in die saamgestelde aanbod voorkom, meer konsekwent te bestuur.

Die bedoeling is nie om die beskikbare gewasbeskermingsinstrumente kunsmatig tot die laagste moontlike getal te beperk nie. Só 'n benadering kan in bepaalde omstandighede bots met geïntegreerde plaag- en siektebestuur, weerstandsbestuur en verantwoordelike produksiepraktyke.

Die doel is eerder om 'n sinvolle balans tussen effektiewe gewasbeskerming, verantwoordelike residubestuur en markvereistes te bereik.

Die Crop Plan bied daarom 'n gemeenskaplike verwysingsraamwerk waarbinne die waardeketting beter kan beplan en kommunikeer.

3. 'n Vrywillige bedryfsriglyn — nie 'n voorskriftelike spuitprogram nie

Dit is belangrik dat elke gebruiker van hierdie dokument die status daarvan duidelik verstaan.

Die Crop Plan is 'n vrywillige, adviserend-gerigte bedryfsinstrument. Dit is nie:

- 'n nuwe regulatoriese stelsel nie;
- 'n verpligte Raisins SA-spuitprogram nie;
- 'n sertifiserings- of nakomingskema wat deur Raisins SA geadministreer word nie;
- 'n waarborg dat geen residue sal voorkom nie; of
- 'n plaasvervanger vir die professionele oordeel van 'n bevoegde gewasbeskermingsadviseur of aanbeveler nie.

Geen produsent, verpakker, adviseur of chemiese maatskappy word verplig om 'n bepaalde voorgestelde roete te volg nie, en daar ontstaan geen Raisins SA-boete of sanksie bloot omdat daar van 'n voorgestelde roete afgewyk word nie.

Individuele produsente en verpakkers kan steeds, in oorleg met hul adviseurs, verskaffers en kliënte, 'n alternatiewe benadering volg waar produksie-, mark- of kommersiële omstandighede dit regverdig.

4. Professionele verantwoordelikheid bly onveranderd

Die Crop Plan verplaas geen bestaande professionele, regulatoriese of kommersiële verantwoordelikheid nie.

Die uiteindelijke besluit oor die gebruik en tydsberekening van 'n gewasbeskermingsproduk moet steeds deur die toepaslike bevoegde adviseur of aanbeveler in samewerking met die produsent geneem word.

By elke aanbeveling moet onder andere rekening gehou word met:

- die geregistreerde etiket en toegelate gebruik van die produk;

- toepaslike wetgewing en regulatoriese vereistes;
- voorgeskrewe onthoudingsperiodes;
- plaaslike siekte- en plaagdruk;
- klimaat en produksietoestande;
- geïntegreerde plaag- en siektebeheer;
- weerstandsbestuursbeginsels;
- die vereistes van die betrokke verpakker, uitvoermark en eindkliënt; en
- die spesifieke risiko- en kommersiële omstandighede van die produsent.

Waar plaaslike omstandighede 'n ander gewasbeskermingsbesluit vereis, moet die bevoegde aanbeveler steeds die benadering volg wat die gewas, produsent en markrisiko op 'n verantwoordelike wyse bestuur.

5. Die rol van die verskillende waardekettingvennote

Die sukses van die inisiatief kan nie deur Raisins SA alleen bereik word nie. Dit vereis aktiewe samewerking regdeur die waardeketting.

Raisins SA: fasiliteer die oorkoepelende bedryfsinisiatief, die strategiese marktoegangsdoel, bedryfsbelyning en die verspreiding en verdere ontwikkeling van die amptelike Raisins SA-weergawe van die Crop Plan.

Verpakkers en uitvoerders: speel 'n sleutelrol deur hul mark- en klantvereistes terug te voer, die riglyn met hul produsentebasis te deel en, waar toepaslik, produksie uit belynde residubestuursroetes op 'n sinvolle wyse te bestuur.

Gewasbeskermingsmaatskappye, tegniese adviseurs en aanbevelers: is kritieke implementeringsvennote. Hulle beskik oor die tegniese kundigheid en plaaslike kennis om die riglyn verantwoordelik binne werklike produksietoestande toe te pas.

Produsente: bly sentraal tot die sukses van die stelsel. Die doel is om hulle vroegtydig toegang tot beter besluitnemingsinligting te gee sodat gewasbeskerming, produksierisiko en markvereistes saam bestuur kan word.

Internasionale kopers en kliënte: word aangemoedig om hul vereistes duidelik te kommunikeer en die Suid-Afrikaanse waardeketting se poging tot meer gestruktureerde, deursigtige en verantwoordelike residubestuur te ondersteun.

6. Raisins SA se naam, logo en die status van die dokument

Die Raisins SA-naam en -logo word gebruik op die weergawe van die Crop Plan wat formeel deur Raisins SA uitgereik of versprei word.

Die logo dui daarop dat Raisins SA die strategiese doel en gebruik van die dokument as 'n bedryfsondersteuningsinstrument onderskryf. Dit beteken nie dat Raisins SA individuele chemiese aanbevelings maak of die verantwoordelikheid van die betrokke produsent, adviseur, chemiese verskaffer of verpakker oorneem nie.

Raisins SA se ondersteuning skep ook nie eksklusiwiteit oor die onderliggende tegniese kennis of materiaal nie. Waar tegniese inhoud, outeurskap of intellektuele eiendom aan derde partye behoort, moet sodanige regte en erkenning gerespekteer word.

Die doel is dat bruikbare tegniese kennis so wyd as verantwoordelik moontlik benut kan word ter ondersteuning van die bedryf.

7. 'n Lewende dokument wat deur ervaring verbeter moet word

Die Crop Plan moet nie as 'n statiese eindproduk beskou word nie.

Raisins SA sal gedurende die 2026/27-produksieseisoen, in samewerking met die relevante waardekettingvennote:

- praktiese implementering monitor;
- terugvoer van produsente, adviseurs, chemiese maatskappye, verpakkers en uitvoerders ontvang;
- werklike residu-uitkomst evalueer;
- veranderende mark- en klantvereistes in ag neem; en
- die riglyn waar nodig voor die volgende produksieseisoen verfyn.

Gebruikers wat oor nuwe tegniese inligting, praktiese ervaring of beter data beskik, word spesifiek aangemoedig om dit met Raisins SA en die relevante tegniese rolspelers te deel.

8. Ons beroep op die waardeketting

Die waarde van hierdie inisiatief sal uiteindelik nie deur die dokument self bepaal word nie, maar deur die mate waarin die Suid-Afrikaanse rosyntjiewaardeketting bereid is om saam te werk rondom 'n gemeenskaplike markdoelwit.

Raisins SA doen daarom 'n beroep op produsente, gewasbeskermingsadviseurs, chemiese maatskappye, verpakkers, uitvoerders en kliënte om die beginsel van die Crop Plan te ondersteun, dit verantwoordelik te gebruik, praktiese terugvoer te lewer en saam te werk om Suid-Afrika se reputasie as 'n betroubare, verantwoordelike en voorkeur-oorsprong vir rosyne verder uit te bou.

Die doel is nie om individuele kommersiële verhoudings of professionele besluitneming te vervang nie. Inteendeel, die doel is om die waardeketting beter te verbind rondom 'n gemeenskaplike belang:

Om volhoubare marktoegang vir Suid-Afrikaanse rosyne te beskerm en te versterk.

Wanneer die produsent, adviseur, chemiese verskaffer, verpakker en uitvoerder in dieselfde rigting werk, kan verantwoordelike residubestuur ontwikkel van 'n individuele produksievereiste tot 'n strategiese mededingende voordeel vir die Suid-Afrikaanse rosyntjiedryf.

- **Status van hierdie dokument**

Hierdie verklarende nota vorm deel van die Raisins SA-implementeringspakket vir die Gewasbeskermings- en Residubestuursplan en moet saamgelees word met die tegniese Crop Plan, die voorgestelde residubestuursroetes en die toepaslike vrywaring.

Raisins South Africa NPC
September 2026